

## **Mattheus 5:19-20**

**Nie antinomianisme nie. Ook nie wettisisme nie.**

**Nie een van hierdie twee mag ooit deel wees van dissipels se nuwe lewe nie.**

*Ps-vooraf Ps 34: 6, 7*

## **Ontmoetingsdiens.**

***Votum.***

**“Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom?**

**Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.”**

**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**

**en die Here Jesus Christus**

**deur die kragvolle werking van die Heilige Gees”**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 122: 1, 2

***Geloofsbelydenis***

## **Verootmoediging en Versoeningsdiens.**

Kom ons Luister na die Woord van die HERE in Eks 20:8-11

***Psalm na die wet*** – Ps 92: 1, 3, 5

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

## Woorddiens.

Die Woord spreek tot ons uit Mat 5:17-20

- *Verduidelik die drie punte van Jesus se Bergpredikasie.*
- *Ons is nou in die tweede punt*
- *Noem dat opsomming daarvan in die Basuin is.*

***Psalm as antwoord op die Woord*** – Ps 119: 34, 35  
***Skrifverklaring.***

**Fokus:** vers 19-20

### **Inleiding.**

Geliefdes as-aar een ding is wat vas staan

dan-sit hierdie:

Dissipels ek en jy wat Jesus volg

ek en jy wat deel in-ie seën-en-verlossing van-ie koninkryk

is nie antinomianiste nie maar ook-ie wetties nie.

Trouens antinomianiste en wettisiste deel op geen manier

in-ie seën-en-verlossing van-ie Koninkryk nie.

Dis wat Jesus in **vers 19-20** leer.

*Verduidelik<sup>1</sup>*

**I** 'n Anitnomianis is ek en jy wat sê:

'Nou dat ons verlos is deur Jesus

geld-ie wet nie meer vir ons nie.'

**II** Aan-ie anderkant. 'n Wettisis is ek en jy wat sê:

'Ek verdien met wat *ek* doen

die seën-en-verlossing van-ie koninkryk.'

---

<sup>1</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

Dis baie kort gesê.

Maar dis wat antinomianisme en wettisme in hooftrekke is.

So kon ons voor-laas-week ook leer.

En dis wat Jesus ons in **vers 19-20** op-ie hart kom druk.

**Nie antinomianisme nie Ook nie wettisme nie.**  
**Nie een van hierdie twee**  
**mag ooit deel wees van dissipels se nuwe lewe nie.**

Maar om hierdie regtig te verstaan

moet ons eers net stil staan by die **konteks** van hierdie twee verse.

**1.** So kom ons begin by **vers 19-20** se **Konteks**.

**A.** Daai woordjie *dus* in **vers 19** help ons me-die **Konteks**.

*Verduidelik<sup>2</sup>*

Ons kan-aai *dus* ook vertaal met *daarom*.

*"Daarom: Elkeen wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer,*

*sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele ..."*

So omdat Jesus in **vers 17-18** geleer het

dat Hy nie *"gekom het (in sy koms om-ie Koninkryk te bring<sup>3</sup>)*

*om die wet of die profete (of: die OT en die gebooie daarin<sup>4</sup>) te ontbind nie ...*

Of: af te skaf nie.

Of: ongeldig te verklaar nie.

---

<sup>2</sup> οὐν by ος εαν οὐν λύση μιαν των εντολων τουτων των ελαχιστων (**19a**) is 'n gevolgtrekkende voegwoord, wat 'n sinne inlei waarin Jesus vanuit **vers 17-18** gevolgtrekkings maak van toepassing op sy dissipels (Greek Grammar beyond basics bl. 673; Ridderbos se Mat komm. bl. 105; Grosheide se Mat komm. bl. 56; Turnur se Mat komm. bl. 163; Nolland se Mat komm. bl. 221; Van Bruggen se Mat komm. bl. 94).

<sup>3</sup> Vgl **Mat 3:11**; **4:13-17**; TDNT vol 2 bl 668

<sup>4</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

Of: te leer da-dit nie meer van toepassing is nie<sup>5</sup>  
*maar om (dit) te vervul*”

daarom maak Jesus nou 'n toepassing vir ons:

Geen Antinomianisme nie – **vers 19**.

Geen wettisisme nie – **vers 20**.

So dis-ie **Konteks**.

**B.** Maar hier's nog iets.

Hoekom is-it nou weer nodig

dat Jesus **vers 17-18** se lering vir ons gee?

Wel omdat tot hier in Jesus se Bergpredikasie een ding vas staan.

En-it is genade-alleen.

*Verduidelik*<sup>6</sup>

**I** Deel-hê aan-ie seën-en-verlossing van-ie Koninkryk  
is uit genade alleen.

Want Jesus laat ons wat na Hom toe kom  
met ons geestelik bankrotskap en reuse sonde-skuld  
uit genade alleen deel in sy Koninkryk.

Jesus sê: Dis vir jou. Jy's 'n erfgenaam.

Want Ek het gekom vir sondaars wat na My toe kom.<sup>7</sup>

---

<sup>5</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

<sup>6</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

<sup>7</sup> **Mark 2:17; 1Tim 1:15**

### *Opmerking*

Ons sien hierdie waarheid veral in **vers 3-5**  
in-ie eerste punt van Jesus se Bergpredikasie.

**II**<sup>8</sup> Vanaf **vers 6-10** en ook in **vers 13-16**  
sien ons-at ons radikaal nuwe lewe vir-ie HERE  
ook alles net genade is.

Want ons nuwe lewe is Jesus in ons  
wat sy lewe al meer ons lewe maak uit genade alleen.

\* \* \* \* \*

Nou waar Jesus met hierdie Evangelie aan-ie werk is  
'pop' daar **altyd** twee dwalinge uit:  
Antinomianisme en Wettisisme.

### *Verduidelik*<sup>9</sup>

**I** Die wettisiste in-ie tyd toe Jesus op aarde was  
is-ie Skrifgeleerdes en-ie Fariseërs.

Hulle sê:

'Jesus met hierdie genade-alleen-Evangelie is Jy besig  
om die OT en die gebooie daarin af te skaf.

Die Bybelse waarheid soos **ons**-it leer  
is-at jy die koninkryk ingaan deur-ie gebooie van-ie OT te doen.  
So nee Jesus. Jy gaan heeltemal verkeerd.'

**II** Aan-ie anderkant is-aar-ie Antinomianiste.

Hulle skree: 'Hoera!'

---

<sup>8</sup> Vgl Mat 5:6-16 preke by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

<sup>9</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

Want hulle hou nie van wet nie.

Wet is vir hulle morbied. Wet perk jou vryheid in.

Wet maak-at jy nie jou self kan uitleef soos jy gaag wil nie.

En nou verskyn Jesus op-ie toneel.

Hy verkondig hierdie genade-alleen-Evangelie.

Dis vir hulle net wonderlik.

En dan vat die antinomianiste hierdie Evangelie en hulle sê:

'Hierdie genade-alleen

beteken ons het nou glad nie meer die OT

en die gebooie daarin nodig nie.

Dit geld nie meer nie. Dis nou alles genade.'

### **C.** Maar dan kom Jesus in **vers 17-18**

en Hy sê vir-ie Antinomianiste **en** vir-ie Wettisiste:

Nee Ek het nie "*gekom om (die OT en-ie gebooie daarin) te ontbind nie.*

*Ek het ... gekom ... om(-it) te vervul.*"

#### *Verduidelik*<sup>10</sup>

'Met My Evangelie van deel-hê aan-ie seën-en-verlossing van-ie Koninkryk  
uit genade alleen

en met My Evangelie van 'n radikaal nuwe lewe vir-ie HERE  
uit genade alleen

vat Ek nie die OT en-ie gebooie daarin weg nie.

So julle mag ook nie.'

'Wat julle moet doen

is om-ie OT en-ie gebooie daarin **nuut** te verstaan en **nuut** te doen

<sup>10</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

in-ie lig van My vervullingswerk.'

*Opmerking*

Nou ons kon voor-laas-week lekker diep hierop ingaan.

Kom ons hersien-it net gou weer.

Wan-dis beangrik dat ons hierdie mooi vasmaak  
voor ons na **vers 19-20** gaan.

So ja wat beteken-it nou weer  
om-ie OT en-ie gebooie daarin nuut te verstaan en nuut te doen  
in-ie lig van Jesus se vervullingswerk?

**I** Kom ons vat 'n voorbeeld.

Wat moet ons doen met al-ie offer-wette in-ie OT?

Wel ons gaan-it nie meer doen-ie.

Hoekom nie?

*Verduidelik<sup>11</sup>*

Wel omdat Jesus daai wette op so 'n manier vervul het  
dat ons-it nou nie meer **kan** doen nie.

Want al-aai offerwette het heengewys na Jesus  
wat Homself volmaak aan die kruis geoffer het.  
En so ons sonde-skuld betaal het  
en ergifnis bewerk het.

En dan sê Heb 10:18

*"Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is,  
**is daar geen offer meer vir die sonde nie.**"*

---

<sup>11</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)



**II** Kom ons vat nog 'n voorbeeld.

Eks 20:12 sê:

*"Eer jou vader en jou moeder,  
dat jou dae verleng mag word **in die land**  
wat die HERE jou God aan jou gee."*

Wat moet ons met hierdie gebod doen?

*Verduidelik<sup>12</sup>*

Wel Jesus het hierdie gebod op so 'n manier vervul  
dat sy gelowige-dissipels dit steeds **moet** doen  
maar deur Jesus se vervullingswerk ook al meer **kan** doen.

*Bewys*

Daarom dat Pauus in Efes 6:1-3 vir kinders kan sê:

*"Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees ...  
Eer jou vader en jou moeder ...  
sodat ... jy lank mag lewe **op die aarde.**"*

So sien julle?

Jesus het hierdie OT-gebod op so 'n manier vervul  
dat ons-it steeds **moet** doen maar nou ook al meet **kan** doen.

Maar sien julle ook

hoe ons ook hierdie OT gebod nuut moet verstaan en nuut moet doen  
in-lig van Jesus se vervullingswerk?

In Eks 20:12 sê die HERE:

*"Eer jou vader en jou moeder,*

---

<sup>12</sup> Vgl Mat 5,17-18.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

*dat jou dae verleng mag word **in die land ...***

En dan's daai land die land Kanaän.

Maar nou wanneer Jesus kom om-ie OT en-ie gebooie daarin te vervul  
sê Hy deur sy apostel in Efes 6:1-3

*"Eer jou vader en jou moeder ...*

*sodat ... jy lank mag lewe **op die aarde.***"

Hoor julle die verskil?

*Verduidelik<sup>13</sup>*

So hoekom is-t daar?

Wel omda-die land Kanaän

in-ie OT 'n heenwysing was na-ie nuwe-aarde

wat deel is van-ie seën-en-verlossing van-ie koninkryk

wat Jesus bring.

En dis wat Jesus doen

as Hy die OT en-ie gebooie daarin vervul.

Hy bring-ie Koninkryk.

En as ons uit genade alleen daarin deel

en daarom erfgename is van die aarde

dan verstaan en doen ons Eks 20:12 nuut

in-ie lig van Jesus se vervullingswerk.

En dan-sie belofte van hierdie OT-gebod

nie net meer die land Kanaän nie maar die hele aarde!

---

<sup>13</sup> Vgl Efes 6:1-3.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php)

## *Oorgang*

So sien julle?

Dis wat Jesus leer in **Mat 5:17-18**.

Jesus het nie gekom om-ie OT en-ie gebooie daarin af te skaf nie.

Nee! Jesus vervul-it.

En vir ons beteken-it dan dat ons die OT en-ie gebooie daarin nuut moet verstaan en nuut moet doen in-ie lig van Jesus se vervullingswerk.

En juis daarom:

Geen Antinominisme nie! En ook-ie Wettisisme nie.

Dis wat Jesus in **vers 19-20** leer.

En kom ons gaan nou daarop in.

**2. Geen Antinomianisme nie.** Dis wat Jesus in **vers 19** leer.

**A.** Jesus sê daar:

*"Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele ..."*

*Verduidelik<sup>14</sup>*

Nou as Jesus praat van *hierdie gebooie*

dan-si-die OT-gebooie van **vers 17-18**

wat ons nuut moet verstaan en nuut moet doen

in-ie lig van Jesus se vervullingswerk.

---

<sup>14</sup> τούτων by μίαν των εντολων τούτων (**19a**) het nie 'n spesifieke antesedant, wat daarmee ooreenstem in getal en geslag nie. Ons het egter hier te doen met 'n construction ad sensum. Mm wys dus terug na die OT-gebooie waaroor Jesus praat in **vers 17-18**, alhoewel Hy dit nie so by die naam noem nie (vgl Greek Grammar beyond basics bl 330; France se Mat komm bl 187-188).

En ons mag dan nie "een  
van die minste van hierdie (OT-)gebooie breek ..." nie.

*Verduidelik*<sup>15</sup>

Of: *afskaf* nie.

Of ander leer

da-die OT-gebooie *nie meer op ons van toepassing is nie.*

So dis-ie toepassing wat Jesus maak.

As Jesus nie gekom het

om-ie OT-gebooie af te skaf nie dan mag ons ook nie.

*Verduidelik*<sup>16</sup>

Ons mag nie eers "een

van **die minste** van hierdie (OT-)gebooie ..." afskaf nie.

As Jesus praat van een van-ie **minste** van die OT-gebooie

dan-t-aai **minste** die betekenis van:

'dit wat vir julle somer onbelangrik sou lyk.'

Nie eers daai OT-gebooie mag ons afskaf nie.

Wat ons moet doen

is om-ie OT-gebooie **nuut** te verstaan en **nuut** te doen

in-ie lig van Jesus se vervullingswerk.

*Toepassing*

So regtig:

antinomianisme is-ie reg nie.

<sup>15</sup> Vgl TDNT vol 4 bl 336; NIDNTT vol 3 bl 183-184; Grosheide se Mat komm bl 56

<sup>16</sup> Vir die betekenis van ἐλάχιστος sien Baljon bl 300. Vgl ook NIDNTT vol 1 bl 334; Ridderbos se Mat komm bl 108

**B.** En Jesus is ernstig hieroor.

Kyk weer na **vers 19**.

Jesus sê: *"Elkeen dus wat een van die **minste** van hierdie gebooie breek ... sal die **minste** genoem word in die koninkryk van die hemele ..."*

*Verduidelik*

So dis wat met ons gaan gebeur

as ons aanhou leef me-die dwaling van antinomianisme.

Ons gaan uiteindelik *die **minste** (die onbelangrikste<sup>17</sup>) genoem word in die koninkryk van die hemele ..."*

So wat beteken dit?

*Verduidelik<sup>18</sup>*

Wel ek dink-ie-it beteken dat jy in-ie Koninkryk gaan wees  
maar dan net met 'n redelike lae rang  
in een of ander onbelangrike hoekie nie.

Nee ek dink as Jesus hier sê

dat as ons *"een van die **minste** van hierdie gebooie breek ...*

*(ons) die **minste** genoem sal word in die koninkryk van die hemele ..."*

dan sê Jesus:

'Luister jy gaan glad nie deel in-ie seën-en-verlossing van-ie koninkryk  
wat ek bring nie.

Nee jy gaan deel in-ie oordeel van-ie Koninkryk.'

'En hierdie oordeel sal altyd regverdig wees.'

---

<sup>17</sup> Vir die betekenis van ἐλάχιστος sien Baljon bl 300. Vgl ook NIDNTT vol 1 bl 334; Ridderbos se Mat komm bl 108

<sup>18</sup> Vgl Nolland se Mat komm bl 222; Turnur se Mat komm bl 163

### *Bewys*

Volgens-ie maatstaf van-ie OT-gebod van Eks 21:24-25

*"oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand,  
voet vir voet, brandplek vir brandplek,  
wond vir wond, kwesplek vir kwesplek."*

Dis-ie maatstaf wat sê  
dat straf moet pas by oortreding.

So as Jesus sê dat jy  
as jy "een van die **minste** van hierdie gebooie breek ...  
(jy) die **minste** genoem sal word in die koninkryk ..."

dan sê Jesus vir jou:

'Jou straf sal regverdig wees.

Jou straf sal ooreenkom met die oortreding.

Breek een van die **minste** gebooie

en jy word die **minste** genoem.

So die straf sal by die oortreding pas.'

'Maar straf gaan jy dra. Dit staan vas.'

### *Toepassing*

So wat sê Jesus hier?

Wel in groot liefde en genade waarsku Jesus:

'Breek met antinomianisme!

En wees gelowig-gehoorsaam aan Jesus.

Hy't nie gekom om-ie OT-gebooie af te skaf nie.

So ons mag ook nie.

So breek met antinomianisme!

Dis ernstig.

As jy daarmee aanhou gaan jy regverdig gestraf word.

Dis wat Jesus hier in **Mat 5:19** sê.

**C.** En dan-s hierdie waarskuwing en oproep van Jesus belangrik.

Want lees ons verder aan in-ie NT

sien ons-at antinomianisme iets is

wat sommer al vroeg in-ie kerk begin het.

Dis 'n aaklige dwaling

wat maklik by ons as dissipels kom leef.

*Bewys*

**I**<sup>19</sup> Ons kry dit byvoorbeeld in die Kerk van Korinte.

Korinte was 'n kerk

wat baie gemaak het van-ie werking van-ie Heilige Gees in hulle.

Maar dan-s 'n nuwe verstaan en nuwe doen van-ie OT-gebooie

in-ie lig van Jesus se vervullingswerk nie vir hulle belangrik nie.

Daar's byvoorbeeld by hulle 'n ou

wat sy pa se vrou vir 'n vrou het en sy pa leef nog.

1Kor 5:1 vertel daarvan.

En dis iets wat die HERE in sy OT-gebooie verbied.<sup>20</sup>

Maar dan word-it maar toegelaat sê 1Kor 5:2.

Daar's nie tug nie.

---

<sup>19</sup> Vgl Latourette, A History of Christianity, bl 114; Reformation study Bible bl 1831.

<sup>20</sup> Lev. 18

**II**<sup>21</sup> In 1Kor 6:9-10 moet Paulus-ie lidmate

nie ongelowiges nie *die lidmate*

wat vasgevang is in-ie dwaling van antinomianisme waarsku

dat as jy volhard in 'n lewe

van hoerery egbreek hemoseksualisme diewery

dronkenskap skinder steel

jy beslis nie *"die koninkryk van God beërwe nie."*

**III**<sup>22</sup> Dis oor hierdie selfde antinomianisme

dat Johannes ook waarsku as hy in 1Joh 2:4 sê:

*"Hy wat sê:*

*Ek ken (Jesus), en sy gebooie nie bewaar nie,*

*is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie."*

**IV**<sup>23</sup> Ons sien hierdie antinomianisme ook

as Johannes in 1Joh 1:8&10 moet waarsku met:

*"As ons sê dat ons geen sonde het nie,*

*mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.*

*As ons sê dat ons nie gesondig het nie,*

*dan maak ons (God/ Jesus) tot 'n leuenaar*

*en is sy woord nie in ons nie."*

*Verduidelik*

Sien julle wat hier gebeur?

Ek's een van-aai dissipels

wat sê die OT-gebooie geld nie meer vir my nie.

Dit wys my ook-ie meer op my sonde nie.

Die Heilige Gees alleen lei my nou.

---

<sup>21</sup> Vgl Reformation study Bible bl 1650,1651, 1831

<sup>22</sup> Vgl Reformation study Bible bl 1831

<sup>23</sup> Vgl Reformation study Bible bl 1831



En dan?

Wel ek doen    daarom nie meer sonde nie.

En as ek sonde doen    sien ek-it nie meer as sonde nie.

Want die Gees lei my mos nou.

So    wie is jy om vir my te kom staan en te vermaan?

En dit nogal uit die OT-gebooie!

### *Oorgang*

So    as Jesus    in **Mat 5:19** ernstig waarsku teen antinomianisme dan-sit regtig nodig.

Hierdie is `n dwaling

wat so maklik by Jesus se dissipels begin leef.

Ons sien-it in hierdie NT-gedeeltes.

Maar ons moe-dit ook in ons eie harte raaksien

waar hierdie dwaaling van antinomianisme so baie maal

goed gekamofleer    aan-ie werk is.

**3.** So    kom ons gaan in op hierdie aaklige **maniere**

waarop antinomianisme baie maal in ons lewens aan die werk is.

Kom ons kyk na `n paar voorbeelde.

**A.**<sup>24</sup> Ek sal byvoorbeeld baie sterk staan op-ie Evangelie-waarheid van verlossing uit genade alleen    deur Jesus aleen.

Maar dan-t ek-ie regtige erns met heiligmaking nie.

Daar-sie by my regtige erns met breek met my sonde nie.

---

<sup>24</sup> Vgl Ferguson, The Whole Christ, bl 153

*Verduidelik*

**I** Ek sal in ongeskiktheid oor mens loop.  
Hulle emosioneel aanrand en verwoes  
en dit nooit eers agterkom nie.

En om hulle om vergifnis te vra  
bestaan net nie by my nie.

**II**<sup>25</sup> Wat ek veral verpes is preke  
waarin sonde uitgewys word.

**B.**<sup>26</sup> Nog 'n manier hoe antinomianisme by ons uitpeul  
is as ek my lewe inrig met:  
'hierdie *voel*/vir my reg.'

*Verduidelik*

So my 'voel' rig-en-bepaal my lewe.  
Beslis nie die OT-gebooie nie  
soos ons-it nuut moet verstaan en doen  
nou dat Jesus dit kom vervul het.

*Opmerking*

Hierdie soort antinomianisme kom baie maal uit my hart  
wat sê:  
'Die OT was hierdie harde tyd van-ie 10-gebooie.  
Nou-sit die goeie tyd van NT-liefde.

So asof-ie OT-gebooie nie altyd ook oor liefde gegaan het nie.

---

<sup>25</sup> Vgl Bavinck, Gereformeerde Dogmatiek, vol 3 bl 152, 389, 528, 571-572; Beeke&Jones, A Puritan Theology – Doctrine for life, bl 324-326, 328, 559; Ferguson, The Whole Christ, bl 141.

<sup>26</sup> Vgl Ferguson, The Whole Christ, bl 168-169.

**C.**<sup>27</sup> Nog 'n manier

waarop antinomianisme by my en jou uitpeul  
is wanneer-it die belangrikste ding in my lewe word  
om goed *voel* oor my self.

En dan sal ek hierdie sê:

'Ek is soos ek is. En ek kan goed voel daaroor.

En daarby: God aanvaar my soos ek is.'

En dan?

*Verduidelik*

**I** Wel ek's gay.

En dan-sit oraait om so te bly.

**II** Ek bly saam sonder om getroud te wees.

En dis ook maar reg.

**III** Ek kyk pornografie.

My vrou weet-ie daarvan nie.

En as my gewete my pla dan sê ek net:

'Stop-it gewete.

Moenie my so skuldig laat voel nie.

Jesus aanvaar my soos ek is.'

**V** En as my vriend hierdie erge vloek-gewoonte het  
dan los ek-it

want hy's eintlik so goeie ou.

En die HERE aanvaar hom mos.

---

<sup>27</sup> Vgl Ferguson, The Whole Christ, bl 13, 154

Nou dis waar.

Jesus en God aanvaar ons net soos ons is.

Altyd.

Jy kan na Hom toe gaan presies net soos jy is.

Jesus het gekom vir sondaars.<sup>28</sup>

En Hy aanvaar jou net soos jy is.

Maar Jesus los jou nooit soos jy is nie.

Hy't gekom om sondaars te red uit ons lewe in sonde uit.<sup>29</sup>

Om te sê ek kan bly soos ek is en goed voel oor myself  
en Jesus aanvaar my so is "*goddelose (antinomianisme) ...  
wat die genade van onse God verander in ongebondenheid,  
en die enigste Heerser, God,  
en onse Here Jesus Christus verloën.*"

Sê Judas 4.

**D.**<sup>30</sup> Hier's nog 'n laaste voorbeeld.

Ons leef in 'n tyd

waarin ons van sonde begin praat as siekte-toestande.

Of ek sal hierdie toestand waarin ek is gebruik

om my sonde te regverdig.

### *Verduidelik*

**I** Ek is nie meer besig met die sonde

van om 'n dronkaard te wees nie.

Dis-ie ek nie. Dis my alkohol-probleem.

---

<sup>28</sup> Mark 2:17; 1Tim 1:15

<sup>29</sup> Tit 2:11-14; 1Pet 2:24

<sup>30</sup> Vgl Adams, Competent to Counsel, bl 4-6.

**II** En ek kan nie help ek is so ongeskik  
nors onvriendelik selfs agresief en geweldig nie.  
Dis nie ek nie. Dis my bipolêre-depressie.

So ... moet my nie aanspreek ui-die Woord  
en-ie gebooie daarin nie.

### *Oorgang*

En hierdie goed is baie baie erg.  
Om depresief te wees is verskriklik.  
En ons moet in groot liefde en nederigheid hieroor praat  
en hiermee werk.

Maar sonde bly sonde.  
En dis net jy wat dit doen.

En om my sonde in een of ander siekte-toestand te verander  
is niks anders as antinomianisme nie.

In 1Joh 1:10 sê Johannes:

*"As ons sê dat ons **nie gesondig het nie**,  
maar dat dit my depressie of wat ookal is  
dan maak ons (God) tot 'n leuenaar  
en is sy woord nie in ons nie."*

En in **Mat 5:17-18** sê Jesus:

*"Moenie dink dat Ek gekom het  
om die (OT en die gebooie daarin) te ontbind nie.  
Ek het ... gekom ... om (dit) te vervul."*

En juis daarom sê Jesus in **vers 19**:

*"Elkeen dus wat een van **die minste van hierdie gebooie breek**  
en die mense só leer,  
sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele ..."*

### *Toepassing*

So kom ons vra Jesus  
om ons van hierdie antinomianisme te verlos.  
Kom ons vra Jesus om deur sy Gees in ons te leef  
sodat sy lewe al meer ons lewe word  
en ons al meer die OT-gebooie nuut kan verstaan en nuut kan doen  
in-ie lig van Jesus se vervullingswerk.

Want kyk  
wat sê Jesus in-ie laaste deel van **vers 19**:  
*"Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek  
en die mense só leer,  
sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele;  
**maar elkeen wat dit doen en leer,**  
hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele."*

Maar nou-sit net hier  
dat Jesus ons moet waarsku teen **wettisisme**.  
En Jesus doen-it in **vers 20**.

### *Verduidelik<sup>31</sup>*

In **vers 20** verduidelik Jesus  
hoe ons *doen en leer* van-ie OT en-ie gebooie daarin

---

<sup>31</sup> γαρ by λεγω γαρ υμιν (**20a**) kan redegewend, gevolgtrekkend of verduidelikend wees (Greek Grammar beyond basics bl 673, 674). γαρ het hier die funksie van om 'n verduidelikende sin in te lei waarmee Jesus verduidelik wat die standaard of norm van ons doen en leer van die OT-gebooie moet wees (**19d-e**) (Ridderbos se Mat kumm bl 107; France se Mat kumm bl 187, 188-191; Turnur se Mat kumm bl 163; Morris se Mat kumm bl 110; Hendriksen se Mat kumm bl 293).

moet wees en nie moet wees nie.

Dit moet beslis nie **wetties** wees nie.

En dis so belangrik dat Jesus dit vir ons sê.

*Verduidelik*

Want so baie maal

as ons as dissipels breek me-die een sonde

dan foeter ons binne in-ie volgende een in.

Ons swaai soos 'n ou staanklok-pendulum

van die een uiterste *antinomianisme*

na die volgende uiterste *wettisisme*.

**4.** So kom ons gaan daarop in.

**Jesus se waarskuwing teen wettisisme in vers 20.**

Jesus sê daar:

*"Ek sê vir julle dat,*

*as julle geregtigheid nie oorvloediger is*

*as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie,*

*julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

*Verduidelik*<sup>32</sup>

Sien julle wat doen Jesus hier?

Jesus gee hier 'n baie vaste voorwaarde

waaraan ek en jy moet voldoen

om in-ie seën-en-verlossing van-ie Koninkryk te kan deel.

---

<sup>32</sup> Met ου μη + aor subj, soos hier in ου μη εισελθητε εις την βασιλειαν των ουρανων (**20c**), maak mens 'n baie sterk beklemtoonde negativering. Hierdie soort negativering sluit alle moontlikheid uit (Greek Grammar beyond basics bl 468-469).

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie  
wel moenie eers daar aan dink  
om te deel in die sêen-en-verlossing van-ie Koninkryk nie.

So wat-s hierdie voorwaarde?

Wel kyk-aar in **vers 20**.

Ons "*geregtigheid (moet) oorvloediger (wees)  
as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs ...*"

Daarsonder sê Jesus:

*"sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie."*

*Verduidelik*<sup>33</sup>

En hierdie *geregtigheid* waarvan Jesus praat  
gaan oor jou lewe inlyn me-die OT-gebooie  
soos ons dit nuut moet verstaan en nuut moet doen  
in-ie lig van die vervullingswerk van Jesus.

En dan wil Jesus hê

da-dit "*oorvloediger (moet wees)  
as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs ...*"

*Verduidelik*<sup>34</sup>

So sien julle wat leer Jesus?

Hy wys ons

hoe ons net nooit die OT-gebooie moet verstaan en doen nie.

Dit moet nooit soos "*die skrifgeleerdes en Fariseërs*" wees nie.

Dit moet beter wees.

---

<sup>33</sup> Vgl TDNT vol 2 bl 198.

<sup>34</sup> Vgl Nolland se Mat komm bl 224.



Anders sal nooit ingaan  
in-ie seën-en-verlossing van die Koninkryk nie.

Hoekom nie?

Wel omda-die Skrifgeleerdes en-ie Fariseërs wettisiste is.

En wettisiste deel nie in-ie seën-en-verlossing van die Koninkryk nie.

### *Oorgang*

So wat sê dit vir ons?

Wel verstaan wat hierdie Fariseër-wettisisme is  
sien-it raak in jou eie hart en breek daarmee!

**5.** So kom ons fokus hierop.

Op hierdie **Fariseër-wettisisme**.

**A.**<sup>35</sup> Nou as jy hierdie ouens  
so in-ie elke dag se lewe gesien het  
dan was hulle regtig indrukwekkend.

### *Bewys*

**I** Jesus praat in Mat 6:1-2 oor ouens  
wat besig met liefdadigheidswerk  
en dan-sit hierdie Fariseër-wettisiste.<sup>36</sup>

In Mat 6:5 vertel Jesus  
van hulle lang en indrukwekkende gebede.

**II** As Paulus in Fil 3:6 vertel van sy vorige Fariseër-lewe  
dan sê hy dat sy lewe  
*"wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik"* was.

---

<sup>35</sup> Vgl Duvenage, Die Dekor van die Nuwe Testament, bl 156-157

<sup>36</sup> Vgl Ridderbos se Mat komm bl 126

So hierdie Fariseër-wettissite  
was beslis nie antinomianiste nie.  
Die OT en-ie gebooe daarin was vir hulle belangrik.

**B.**<sup>37</sup> Maar dan was daar 'n krisis.

Want hierdie Fariseër-wettisite het die geweldige klem geplaas  
op al hierdie uitwendige goed.

Seremonies en oorgelewerde self-uitgedinkte tradissies  
was vir hulle geweldig belangrik.

Maar met dit alles

het hulle die kern die hart die wese van die OT-gebooe gemis.

### *Bewys*

Hoor bietjie hoe praat Jesus daaroor in Mat 23:23-28.

Hy sê:

*"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes (skynheiliges),  
want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander,  
en die swaarste van die wet laat julle ná:  
die reg en die **barmhartigheid** en die trou ..."*

*"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes,  
want **julle maak die buitekant van die beker  
en die skottel skoon,**  
maar **binnekant** is dit vol roof en onmatigheid ..."*

*"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes,  
want julle is net soos gewitte grafte  
wat **van buite wel fraai lyk,***

---

<sup>37</sup> Vgl Duvenage, Die Dekor van die Nuwe Testament, bl 156-157; Reformation Study Bible bl 1368.

maar **van binne** vol doodsbene en allerhande onreinheid is.  
So lyk julle ook van buite vir die mense wel **regverdig**,  
**maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid.**"

C.<sup>38</sup> En presies dit

was-ie Fariseër-wettisiste se grootste krisis.

Hulle *geregtigheid* hulle lewe van gebooie doen  
waarmee hulle probeer het om in die Koninkryk in te gaan  
was uiteindelik **geen** geregtigheid nie.

Dit was uieindelik een groot stuk  
oppervlakige uitwendige skynheidligheid en ongergtigheid.

*Verduidelik*

Want hulle krisis was in hulle harte.

In hulle onrein verdorwe harte.

Want as ons harte nie rein is-ie  
as ons harte onrein is  
dan maak-aai onrein hart  
al ons uitwendige reinheid ons uitwendige regdoen  
fieslik vuil onrein en vol ongeregtigheid.

Dis waarvan Jesjaja praat as hy in Jes 64:6 sê:

*"ons het almal geword soos 'n **onreine**,*

*en al ons **geregtighede***

*al ons uitwendige doen-dinge*

*soos 'n besoedelde kleet ..."*

---

<sup>38</sup> Vgl Mat 5,8.pdf by [http://www.gkdaspoort.co.za/sermons\\_docs.php](http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php); NIDNTT vol 2 bl 467-470; Ridderbos se Mat komm bl 107; France se Mat komm bl 190; Lloyd-Jones, Studies in the Sermon on the Mount, bl 207

Dis asof al die vrot-en-etter van my onrein hart  
deur my mooi rein klere begin drup.

My onrein hart maak-aai rein klere  
wat ek oor my onrein hart aangetrek het  
om hom toe te hou  
vuil en onrein vol ongeregtigheid.

Daarom dat Jesus in **Mat 5:20** ons waarsku  
teen hierdie Farisër-wettisisme.

*"Ek sê vir julle dat, as julle **geregtigheid** nie oorvloediger is as  
dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie,  
julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

*Verduidelik<sup>39</sup>*

Want Fariseër-wettisisme se **geregtigheid**  
is uiteindelik **net glad nie** geregtigheid nie.

**D.** So waar staan ek en jy geliefde?

Is ons nie ook besig met hierdie Fariseër-wettisism nie?

*Selfondersoek*

**I**<sup>40</sup> Weet jy:

Jy sien hierdie wettisisme in jou hart in goed soos:  
ek het hierdie ontsaglike klem op ons liturgie  
en die presies orde daarvan.

---

<sup>39</sup> Vgl Ridderbos se Mat komm bl 107; France se Mat komm bl 190; Lloyd-Jones, *Studdies in the Sermon on the Mount*, bl 207

<sup>40</sup> Vgl Reformation study Bible bl 1368

Ons gebruike en tradissies    wat ons oor jare het  
staan vir my voorop.

Dit laat my veilig voel

hier in 'n Nuwe SA waar alles so verander.

Goed soos regte Nagmaal met 'n beker  
vrouens wat nie in die amp moet wees nie  
en die gay issue in die kerk  
is vir my ontsaglik belangrik.

***En dit is.***

Ek kan ook baie daaroor praat.

Maar dis waar-it vir my stop.

Want sodra ons begin praat

oor hoe dit met my hart gaan

oor hoe dit gaan met my lewe van heiligmaking

oor hoe dit gaan met my lewe

van breek met sondes van selfgesentreerdheid en liefdeloosheid

oor hoe Jesus deur sy Gees in my lewe aan die werk is

oor hoe sy vergifnis my vry maak

dan raak ek stil.

Ek praat nie meer saam nie.

Later loop ek.

Want nes die Fariseër-wettisiste het ek 'n hart probleem  
wat ek wegsteek agter al hierdie uitwendige goed.

**II**<sup>41</sup> Nog iets waarin ons hierdie wettissime sien  
is in `n dor dooie kerk sonder lewe  
en sonder liefde vir mekaar.

*Voorbeeld*

Ons sien-it in mense  
wat met redelike stroewe gesigte in die erediens kom sit  
Jy praat met niemand langs jou nie  
agterna gaan jy dadelik huistoe  
en verder leef ons net vir onself.

Ons sien hierdie wettisisme  
in `n dor dooie kerk sonder lewe  
en sonder liefde vir ons naaste buite die kerk.

*Voorbeeld*

Lidmate in so `n dor dooie kerk sonder lewe  
het dan ook nie regtig `n saak  
met uitreik na mense buite die kerk nie.

Ja dis nogal `n merkteken  
van `n klomp wettiese ouens bymekaar.  
Dis dor dood sonder lewe sonder liefde.

So hoekom?

*Verduidelik*

Wel omdat wettisiste op hulle uitwendige-doen  
van allerhande gebooie en tradissies vertrou

---

<sup>41</sup> Vgl Beale, *We become what we worship*, bl 166-167, 169-170, 300-303.

om ons by God aanvaarbaar te maak.

Baie maal sal ons dit nie eers agterkom  
dat ons hiermee besig is nie.

Maar dis wat hier in jou wettiese-hart aan die gang is.  
Ek moet God met my doen-goed 'please'.

En dan?

Wel dan word alles dor dood sonder liefde.

Want die HERE het in Jer 7:5-6 gesê:

*"Vervloek is die man wat **op die mens vertrou** ...*

*terwyl sy **hart** van die HERE afwyk.*

*En hy sal wees soos 'n **kaal bos** in die wildernis,*

*en ... **dor plekke** in die woestyn bewoon,*

*'n **brakkerige** en onbewoonde land."*

Dis uiteindelik hoe 'n plaaslike kerk vol wettisiste lyk.

Dor dood sonder lewe

terwyl ons hierdie reuse klem het op allerhande uitwendige goed.

Pasop in **Mat 5:20** sê Jesus:

*"Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is*

*as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie,*

*julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

### *Oorgang*

Hierdie is so belangrik.

Hierdie is net so lewens belangrik.

So hoe word ons bevry en bewaar

van aan die eenkant antinomianisme  
en aan die ander kant wettisme?

6. Kom ons sluit hiermee af.

**Hoe word ons bevry uit  
en bewaar van antinomianisme en wettisme?**

*Opmerking*

Daar's drie goed.

**A.**<sup>42</sup> Die eerste ding is dat ek as wettis en jy as antinomianis  
moet besef:

Ons is eintlik met presies die selfde sonde besig.

Ek as wettis en jy as antinomianis

is besig om te lewe met die selfde Sataniese leuen.

Kom ons blaai gou na Gen 3:1-5.

Kyk daar staan:

*"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld  
wat die HERE God gemaak het.*

*En hy sê vir die vrou:*

*Is dit ook so dat God gesê het:*

*Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?"*

*"En die vrou antwoord die slang:*

*Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,*

*maar van die vrugte van die boom*

*wat in die middel van die tuin is,*

*het God gesê:*

---

<sup>42</sup> Vgl Ferguson, The Whole Christ, bl 13-14, 68-72, 82-85, 128.



*Julle mag daarvan nie eet nie  
en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe."*

*"Toe sê die slang vir die vrou:  
Julle sal gewis nie sterwe nie;  
maar God weet dat as julle daarvan eet,  
julle oë sal oopgaan,  
sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."*

### *Verduidelik*

Satan verlei Eva tot sonde van  
om soos God te wil wees (Gen 3:5)

Maar daar is nog iets.

Satan verlei Eva ook om verkeerd te dink oor God.

- God is kwaai mislike God.
- God laat ons leef onder hierdie moeilike wet.
- God gun ons geen vryheid nie.
- God is eintlik nie goed nie.

### *Toepassing*

**I** Antinomianis regaer op hierdie leuen met verwerping van wet.

As Jesus op die toneel verskyn  
dan 'gebruik' ons as Antinoministe Hom  
om dit vir ons moontlik te maak  
om in 'n verhouding met God te leef sonder wet.

**II** As Wettisiste reageer ons op Satan se leuen met:  
'kom ons probeer God se guns wen met die doen van die wet.'

**B.** Met hierdie geestelike bankrotskap van ons en sondeskuld van om met hierdie leuen oor God te leef moet ek na Jesus toe bekeer.  
Dis die tweede ding wat ons moet doen.

En in ontsettende genade onbeskryflik groot roep Jesus ons op om na Hom te kom!

### *Bewys*

En ons hoef nie wetties eers aan een of ander voorwaarde te voldoen nie.  
Ons kan na Jesus toe gaan net soos ons is.  
Met ons sonde van wettisisme.  
Met ons sonde van antinominisme.  
Met ons sonde van 'geloof-in-die-leuen-van-Satan'

Jesus sê in Mat 9:13

*"Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie,  
maar **sondaars** tot bekering."*

En in Mat 20:28 leer Jesus:

*"die Seun van die mens nie gekom het  
om gedien te word nie,  
maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."*

Vir elke wettis en elke antinominis.

En in Mat 5:3 beloof Jesus:

*"Salig is die wat arm van gees is,  
Bankrot met jou skuld van antinominisme  
en wettisisme  
en 'geloof-in-die-leuen-van-Satan'*

En dit besef en na My toe kom  
*want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele."*

**C.<sup>43</sup>** En dan by Jesus met my skuld deur Hom betaal  
moet ek nog iets doen.

Die derde ding.

Ons moet sê:

'Jesus Ek honger en dors na geregtigheid.

Ek het dit nie.

Ek kan nie uit my 'n lewe leef in oorgawe aan die HERE  
met die OT-gebooie

soos ek dit nuut moet verstaan en nuut moet doen  
in die lig van Jesus se vervullingswerk nie.'

En dan sê Jesus in Mat 5:6

*"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid,  
want hulle sal versadig word."*

En dan?

*Verduidelik*

Wel Jesus maak sy belofte werklikheid.

Hy maak ons vol met Homself.

In Efes 3:17 sê Paulus

dat *"Christus deur die geloof in julle harte woon ..."*

Daarom kan ons saam met hom in Gal 2:20 sê:

*"Ek is met Christus gekruisig,*

---

<sup>43</sup> Vgl Ferguson, The Whole Christ, bl 151-154, 167, 172-173.

*en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my ..."*

En dan leer Gal 4:19 dat Christus  
omdat Hy in ons woon en leef  
almeer gestalte in ons kry.

Christus wat volmaak met Ps 119:97 kan sê:

*"Hoe lief het ek u wet ..."*

Ja Jesus se lewe word dan op die pad van heiligmaing al meer ons lewe.  
'n Godgesentreerde lewe van oorgawe aan die HERE  
sonder wettisisme en sonder antinomianisme.

**Amen.**

## **Antwoorddiens**

***Psalm as antwoord op die Woord*** – Ps 119: 34, 35

***Gebed***

## ***Barmhartigheidsdiens***

*Ps-kollekte* Ps 112: 1, 5, 9, 10

*Slotsang* Ps 1: 1, 2, 3

## **Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**"Die genade van die Here Jesus Christus**

**en die liefde van God**

**en die gemeenskap van die Heilige Gees**

**sy met julle almal!**

**Amen.**